**Oorweldig deur die Here Jesus (OP206)**

**Joh 1:35-51**

**2 Februarie 2025**

Laasweek het ons stilgestaan by die optrede van Johannes die Doper. Ons het daarop gelet dat Johannes se optrede tot gevolg gehad het dat daar opnuut ‘n begeerte na die koms van die Christus wakker gemaak is. Johannes was baie gesteld daarop dat hy nie self die Christus is nie, maar dat hy net die een is wat die pad gelyk maak vir Sy koms. Hy het ook daarop gewys dat die beloofde Christus baie meer verhewe is as hyself, en dat die Christus reeds in die midde van die mense was, al was dit onmoontlik vir die afgevaardigdes van die leiers van die volk om Hom raak te sien. Die volgende dag het Johannes na Jesus gewys en aangekondig: “Kyk die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem”. Johannes was oortuig dat Jesus wel die beloofde Christus was weens verskeie redes: Tydens die geleentheid toe hy Jesus gedoop het, was daar ‘n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is My Seun”, wat ‘n bevestiging was van die feit dat die Here Jesus deur die Here self aangestel was as Hoëpriester (en ook as Koning), soos wat al in die Ou Testament voorsien is. Verder het Johannes ook die Gees van God soos ‘n duif op Jesus sien neerdaal, in lyn met ‘n versekering wat die Here vooraf aan Johannes gegee het. Dáárom was Johannes oortuig die Here Jesus is die Lam van God, en Hy is ook die Seun van God.

Vandag wil ek stilstaan by die beskrywing van die evangelis Johannes rakende die roeping van die eerste dissipels in Joh 1:35-51. Ons lees in hierdie verse van 5 dissipels wat geroep is: In verse 35-39 lees ons van die roeping van twee van Johannes die Dopers se dissipels – die een was Andreas (vgl v40), die ander dissipel se naam word nie genoem nie, maar daar word baie algemeen gespekuleer dat die ander dissipel Johannes, die evangelis, was. Ek sal later uitwys hoekom daar so gedink word. Vervolgens lees ons in verse 40-42 van die roeping van Simon, oftewel Petrus. Verse 43-33 beskryf die roeping van Filippus, en verse 45-51 die roeping van Natanael.

<u>Opsomming van die gebeure</u>

Laat my toe om kortliks die gebeure wat plaasgevind het, te beskryf: Vers 35 begin met die stelling: “die volgende dag”. Let op die volgende dag: Laasweek het ons gekyk na die afgevaardigdes wat deur die leiers van die volk na Johannes die Doper gestuur is (v19-28) – kom ons noem dit dag 1. Vers 29 het toe begin met “die volgende dag” – dit is die dag waarop Johannes die Here Jesus aangewys het as die Lam van God – kom ons noem dit dag 2. Nou lees ons op “die volgende dag” is Andreas en waarskynlik Johannes geroep – dit is dag 3. Vers 43 begin met “die volgende dag” – dit is die roeping van Filippus en Natanael – dus op dag 4. En hoofstuk 2 begin met “op die derde dag” het die bruilof by Kana plaasgevind – die derde dag na dag 4 is dag 6. Joh 1:1 het baie sterk teruggegryp na Gen 1:1. En dit lyk tog of Johannes ook na sy proloog wil teruggryp na Gen 1, as hy verskeie insidente beskryf wat binne ‘n week plaasgevind het. Gen 1 beskryf die werk van die Here Jesus as die Een deur Wie God geskep het, Joh 1 beskryf vir ons die begin van die werk van die Here Jesus as die Een deur Wie God gaan herskep.

In verse 35-39 lees ons dat Johannes en twee van sy dissipels, Andreas en waarskynlik Johannes, dit is die evangelis wat die Evangelie skryf, gesien het hoedat Jesus verbyloop. En dan kondig Johannes die Doper aan die twee dissipels aan: “Kyk, die Lam van God!”. Andreas, en kom ons aanvaar dit is Johannes, het toe die Here Jesus gevolg. Jesus het hulle gekonfronteer en gevra: “Wat wil julle hê?” Hulle het geantwoord: “Rabbi (oftewel Meester), waar bly U?” Die Here Jesus het hulle geantwoord: “Kom kyk!” En hulle het dit toe gedoen – en die gevolg was dat hulle die res van die dag saam met

Jesus deurgebring het – ons lees dit was van die tiende uur af, d.w.s. dit was van 4 uur die middag af. Ons sal netnou besin oor die betekenis van die gebeure.

In verse 40-42 lees ons van die gevolge van hierdie gebeure. Andreas, een van die twee dissipels van Johannes die Doper, was die broer van Simon Petrus. Andreas het so gou as moontlik moeite gedoen om by sy broer uit te kom. En toe hy hom gekry het, het hy vir Petrus gesê: "Ons het die Messias gevind" – "Messias" beteken "Gesalfde" en is dieselfde as "Christus". Andreas het toe sy broer na Jesus geneem. Ons lees, Jesus het toe stip na Simon gekyk, en toe sy naam verander van Simon na Petrus, oftewel Sefas. Die naam "Petrus" is Grieks, en dit beteken "rots". As dit in Aramees vertaal word, is sy naam "Sefas".

In verse 43-44 lees ons dat die Here Jesus die volgende dag na Galilea gegaan het. Daar het die Here Jesus Filippus teëgekom, en vir hom gesê: "Volg My" – wat Filippus toe gedoen het.

In verse 45-51 loop Filippus toe op sy beurt weer vir Natanael raak. Hy het vir Natanael gesê dat hulle die Een gevind het van Wie Moses in die Wet geskryf het, en ook die Een oor Wie die profete geskryf het. En, het Filippus bygevoeg, hierdie Een is Jesus van Nasaret, die seun van Josef. Dit blyk dat Natanael opgewonde was oor die feit dat hulle die Een gevind het waaroor Moses en die profete geskryf het, maar hy was skepties toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret was – hy was skepties of daar werklik iets goeds uit Nasaret kan kom. Maar Filippus het by hom aangedring: "Kom kyk!" Natanael het ingewillig, en toe Jesus hom sien naderkom, het Hy gesê: "Kyk, hy is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie". Natanael was verstom en wou weet van waar af ken Jesus hom. Jesus se antwoord was: "Nog voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." Dit verbaas Natanael, en hy roep uit: "U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!" En dan verseker Jesus hom, al is hy verstom oor wat sopas gebeur het, hy sal nog groter dinge sien. En Jesus sê vir Natanael, en die ander dissipels, hulle sal die hemel oopsien, en die engele van God wat opstyg en neerdaal op die Seun van die Mens – die Here Jesus het dit bevestig met 'n dubbele "amen" – dit staan dus vas, en sal definitief gebeur!

Dit is in kort die gebeure wat oor die loop van die paar dae plaasgevind het. Voordat ons na die betekenis van die gebeure kyk, laat my toe om nog die opmerking te maak: Ons het in hierdie gedeelte 'n beskrywing van onder andere die roeping van Andreas en sy broer Simon Petrus. Kom ons lees nou Mat 4:18-20. Hier lees ons ook van die roeping van Andreas en Simon Petrus, maar ek glo julle sal saamstem dit klink na 'n heeltemal ander gebeurtenis as hier in Joh 1. Hier in Joh 1 is dit eers Andreas wat geroep is, hy spandeer die res van die dag saam met Jesus, en eers daarna gaan hy na Simon Petrus toe, wat eers daarna na Jesus toe kom. In Matteus word beide broers gelyktydig geroep terwyl hulle besig is om vis te vang, en dan laat hulle alles netso en volg Jesus. Hoe moet ons dit verstaan? Die beste verduideliking wat ek kan aanbied is wat Don Carson hieroor skryf: Hy is van mening die roeping waarvan Johannes ons vertel het eerste plaasgevind, terwyl die roeping waarvan Matteus vertel eers later plaasgevind het. Na die roeping waarvan Johannes vertel, het die broers Jesus gevolg – maar hulle was nog in 'n "kyk en sien" fase, hulle was nog in die proses om oortuig te word. Dit is met die roeping waarvan Matteus vertel dat hulle bereid was om na 'n periode van blootstelling aan die Here Jesus, alles agter te laat en Jesus te volg.

Kom ons besin nou oor die betekenis van die gebeure hier in Joh 1. Onthou wat Johannes se doel is met die evangelie-boek wat hy geskryf het: Hy wil ons oortuig Jesus is die Christus (Messias), Jesus is die Seun van God, en deur in Hom te glo kan ons die lewe ontvang. Met dit in gedagte, kom ons besin nou oor wat ons in hierdie gebeure van die Here Jesus leer. Ek maak weer ruim gebruik van die werk van Mark Johnston, maar ook van die werk van Don Carson en Tasker. Ons leer die volgende

vier eienskappe van die Here Jesus: (1) Die Here Jesus is in beheer, (2) Die Here Jesus ondersoek harte, (3) Die Here Jesus oorweldig mense, en (4) Die Here Jesus roep tot geloof, en tot geloofsgroei.

<u>Die Here Jesus is in beheer</u>

Let op die ontwikkeling wat alreeds in Joh 1 plaasgevind het sedert die begin van die hoofstuk: Dit het begin met die rol van die Here Jesus in die begin – waar Hy al God was, waar Hy al die Woord was, waar Hy al die Een was deur wie God geskep het. Vandaar af het die toneel verskuif na Johannes die Doper. Aanvanklik lees ons dat Johannes die Doper getuig die Beloofde Een is aan die kom – trouens vir die Fariseërs het hy gesê Hy is alreeds in hulle midde – Hy is egter nog onbekend, hulle kan Hom nie raaksien nie. Die volgende dag het Johannes Jesus aangewys en vir sy volgelinge gesê: "Hier is Hy: Die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem!" En nou, nog 'n dag later, wys Johannes Jesus aan twee van sy dissipels – en hulle volg Hom. En van hier af is dit Jesus wat sigbaar begin optree. En dit word baie vinnig duidelik: Hy is in beheer.

Vir Andreas en Johannes vra Hy: "Wat wil julle hê?" Met die vraag laat Hy hulle dink oor wat hulle eintlik wil hê, maar terselfdertyd skep Hy ook die verwagting Hy het iets om aan hulle te bied. As hulle vra waar Hy bly, nooi Hy hulle uit: "Kom kyk!" – hulle moet die dag met Hom kon deurbring. Hy het iets wat Hy hulle kan bied, en Hy is in beheer, Hy kan dit vir hulle aanbied.

Met Petrus se roeping, is dit die Here Jesus wat stip na Petrus kyk. Onthou wie Petrus was: daardie man wat so maklik so vol bravade opgetree het, dikwels sonder om eers behoorlik te besin. Maar, dit is die Here Jesus wat stip na Petrus kyk – die Here Jesus is in beheer – Hy kyk na Petrus, Hy beoordeel Petrus. En dan verander die Here Jesus Petrus se naam. Die Here Jesus is in beheer – Hy kan selfs die name van mense verander. Maar let op: daar is meer in as net 'n naamsverandering – Die Here Jesus gee nie aan Petrus 'n nuwe naam wat beter beskryf wat Petrus is nie, nee, die Here Jesus geen aan hom 'n nuwe naam wat beskryf wat Petrus nog gaan word, 'n naam wat beskryf hoe die Here Jesus nog vir Petrus wil gebruik as die rots waarop die kerk gebou moet word. Ja, baie water moet nog in die see loop, maar hier, reg aan die begin van Petrus se interaksie met die Here Jesus, is dit die Here Jesus wat in beheer is, en wat sy naam kan verander in lyn met die rol wat hy moet vervul.

Met Filippus se roeping, is dit die Here Jesus wat in beheer is en vir hom sê: "Volg My!" En dit is wat Filippus doen.

Met die roeping van Natanael, word dit baie vinnig duidelik die Here Jesus is in beheer: Hy het Natanael al geken toe Natanael nog onbewus van Jesus onder die vyeboom gesit het. Dit is die Here Jesus wat aan Natanael, en ook die ander dissipels, kan beloof hulle sal nog groter dinge sien. Duidelik is die Here Jesus in beheer: Hy is bewus van wat in die verlede gebeur het, maar Hy is ook bewus van wat in die toekoms gaan gebeur – en soos wat ons sal sien, Hy verwys na groot dinge wat gaan gebeur.

Al met al, al was die Here Jesus nog onbekend tot so onlangs as 'n dag of twee gelede – maar noudat Hy uitgewys is as die beloofde Een, noudat Hy begin om op te tree op so 'n wyse dat mense Hom sien, word dit baie vinnig duidelik: Hy is in beheer – nie net in beheer van die dinge wat nou besig is om te gebeur nie, Hy was ook in beheer van die dinge wat in die verlede gebeur het, en ook definitief van die dinge wat nog voorlê.

<u>Die Here Jesus ondersoek harte</u>

Die Here Jesus is in beheer. En alhoewel dit waar is dat daar tye is waartydens Hy hard en veroordelend optree, is dit nie hier die geval nie. Sy optrede is sag, liefdevol en akkommoderend, maar tog ook ferm.

Kom ons kyk na die roeping van Andreas en Johannes: Hier vra die Here Jesus aan hulle: "Wat wil julle hê?" Met die vraag konfronteer die Here Jesus hulle: Ja, hulle volg nou die Here Jesus, en dit is goed – maar wat hulle nou eintlik hê? Wat hoop hulle om met hulle volgelingskap te bereik? Is hulle maar net op soek na 'n oppervlakkige godsdienstige belewing wat hulle sal laat goed voel? Of wil hulle die Here Jesus, en by implikasie Sy Hemelse Vader, werklik leer ken? Ja, die feit dat hulle reeds dissipels van Johannes die Doper was, dui aan dat hulle al hieroor moes gedink het. Maar die Here Jesus wil hê hulle moet mooi gaan dink: Wat soek hulle ten diepste? In die proses is die Here Jesus besig om hulle harte te ondersoek.

Met Petrus se roeping, lees ons dat Jesus stip na Petrus gekyk het. Calvyn het al gesê die Here Jesus kyk op 'n manier wat anders is as die manier waarop ons as mense kyk. Met hierdie stip kyk na Petrus, het die Here Jesus nie net gekyk na wat alreeds in die hart van Petrus aan die gang is nie, nee, die Here Jesus het ook alreeds in gedagte gehad waarheen Hy met Petrus op pad is. Die Here Jesus kyk alreeds verby die front wat Petrus later so dikwels sou voorhou dat hy selfs beter as die Here Jesus verstaan wat moet gebeur en wat nie. Ek is oortuig die Here Jesus het toe al verstaan hoe belangrik dit gaan wees dat Hy later vir Petrus sal moet bid (Luk 22:32) – want sien Petrus moet die rots wees waarop die kerk gebou moet word (Mat 16:18). Die Here Jesus ondersoek Petrus se hart.

Met Natanael se roeping, gee die Here Jesus direk 'n beoordeling van Natanael se hart: "Kyk, hy is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie." Wat beteken dit dat Natanael 'n Israeliet sonder bedrog was? Waarskynlik moet ons hieronder verstaan dat Natanael 'n opregte Ou Testamentiese gelowige was – m.a.w. iemand wat werklik vertroud was met die openbarings van die Here in die Ou Testament, iemand wat uitgesien het na die koms van die beloofde Een. Immers is dit juis hoe Filippus hom gekonfronteer het: Hy het vir Natanael gesê hulle het die Een gevind van wie Moses in die Wet en van wie die profete geskryf het. Ons kan aflei, Filippus het geweet Natanael was vertroud met hierdie geskrifte, en hy het uitgesien na die koms van daardie Een. Ja, dit is so dat Natanael baie skepties was oor Jesus se afkoms vanaf Nasaret, maar hy was tog nogtans bereid om saam met Filippus te gaan en Jesus te gaan ontmoet. Ons sien verder dat die Here Jesus se beoordeling van Natanael se hart akkuraat was – ons sien dit in die manier waarop Natanael gereageer het toe Jesus aan hom verduidelik het Hy het hom al onder die vyeboom gesien. Natanael roep uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Sy uitroep getuig hy was vertroud met die belofte in Ps 2 dat die Seun van God die Koning is, hy is boonop vertroud met die beloftes van die Here aan Dawid in 2 Sam 7 rakende 'n Koning wat vir altyd op Dawid se troon gaan sit.

Ons kan dus sê: Natanael het die kennis gehad van die beloofde Een wat sou kom, en boonop het hy ook die verwagting gehad dat Hy sou kom. En dit is wat die Here Jesus direk in die hart van Natanael raakgesien het. En dit is met hierdie basis dat die Here Jesus verder met Natanael wil werk. Vergelyk dit met die Fariseërs wat 'n paar dae gelede met Johannes die Doper kom praat het: hulle het ook die geskrifte van Moses en die profete gehad – presies dieselfde geskrifte as wat Natanael gehad het. Maar hulle het nie werklik die verwagting gehad van die koms van die beloofde Een nie. Maar Natanael se hart was anders – hy het verlangend uitgesien. En dit is wat die Here Jesus direk uitwys: Hier is 'n Israeliet sonder bedrog!

<u>Die Here Jesus oorweldig mense</u>

Die Here Jesus oorweldig die mense wat Hom volg. Wat ek bedoel met die term "oorweldig", is dat die Here Jesus 'n werklike, beduidende effek het in die lewens van hierdie mense. Hulle bly nie dieselfde nie, hulle is nie langer onaangeraak nie, dit gaan nie onopgemerk by hulle verby nie. Nee, hulle word gefassineer deur die Here Jesus – Hy neem hulle gevange, in Engels: He captivates them. Ons het dikwels 'n negatiewe assosiasie met die term "oorweldig" – ons dink direk aan geweld, of dat die persoon wat oorweldig word teen sy sin in iets ingedwing word. Geliefdes, selfs dit is nie uitgesluit in die werk van die Here Jesus nie: Dink aan die bekering van Saulus – hy was doelgerig besig om die kerk aktief te vervolg. En dan stop die Here Jesus hom: daar is 'n lig uit die hemel, hy val op die grond, hy word tydelik blind – en dan konfronteer die Here Jesus hom uit die hemel uit – en die Here Jesus oorweldig Saulus. Sy lewe verander – hy verander van 'n vervolger van die kerk, na 'n apostel om juis die kerk te bou.

In die geval van hierdie eerste dissipels was die effek miskien nie so dramaties as in die lewe van Paulus nie, maar die effek was steeds daar:

Kom ons kyk na Andreas en Johannes: Die eerste effek was dat hulle die Here Jesus gevolg het – hulle het nie by Johannes die Doper gebly nie, nee, hulle volg Jesus. Toe hulle die geleentheid kry, vra hulle vir die Here Jesus waar Hy woon – en direk nooi Hy hulle uit om na Sy woonplek te kom. En hulle gaan. En let nou op: dit is hier dat vers 39 byvoeg: Dit was omtrent die tiende uur! Hoekom word dit bygevoeg? Wel, dit is op grond van hierdie stelling dat kommentatore reken die ander dissipel wie se naam nie genoem word nie, moes Johannes, wat die boek skryf, gewees het: Want sien, daardie oomblik wat Jesus vir hulle uitnooi om te kom kyk waar Hy tuisgaan, het so 'n geweldige effek op Johannes gehad – hy kan nou, soveel jare later, nog onthou hoe laat dit was – die tiende uur! Ek is seker jy kan ook die tyd onthou toe groot gebeurtenisse in jou lewe gebeur het: Jou kinders se geboorte, toe jy daardie droompos aangebied is, of toe jy gehoor het van groot wêreldgebeure – soos die 11 September gebeure. Johannes is steeds oorweldig: Dit was die eerste keer dat hy aan huis was by die Here Jesus – waar hy van die Here Jesus kon leer – hy kan nog onthou: Dit was 4 uur die middag!

Ons sien hierdie oorweldigende effek van die Here Jesus in hierdie eerste dissipels in die titels waarmee hulle die Here Jesus beskryf: Johannes die Doper noem Hom die Lam van God (v36), Andreas en Johannes noem Hom direk Rabbi/Meester (v41), Andreas beskryf Hom as die Messias (v41), Filippus beskryf hom as die Een van wie Moses in die wet en van wie die profete geskryf het (v45), Natanael beskryf Hom as die Seun van God en die Koning van Israel (v49). Al hierdie titels is deur volgelinge van die Here Jesus gebruik pas na hulle Hom begin volg het – op dieselfde dag wat hulle die Here Jesus begin volg het. Al hierdie titels is binne die bestek van twee dae gebruik. Dit is onmiskenbaar: Hierdie eerste dissipels was oorweldig deur die Een wat aan hulle uitgewys is. Dit laat hulle nie koud nie, nee, hulle is gefassineer deur Hom, hulle is opgewonde oor Hom, hulle gebruik titels wat uit die Ou Testament na vore kom – hulle verstaan sekerlik nog nie alles nie – maar hulle is alreeds oorweldig deur dit wat hulle alreeds in Hom raaksien – en hulle praat daaroor!

Maar die oorweldigende effek van die Here Jesus word nie net in hulle woorde hoorbaar nie, nee, dit word ook in hulle dade sigbaar: Andreas en Johannes gaan kuier direk by die Here Jesus vir die res van die dag. En toe Andreas daar klaar is, is die eerste ding wat hy doen is om vir sy broer Simon Petrus te gaan vertel. Nadat die Here Jesus vir Filippus geroep het, kan hy ook nie anders nie as om vir Natanael te gaan vertel – hy het heel waarskynlik geweet hoe angstig Natanael gewag het op die vervulling van al die vroeëre beloftes. Hierdie eerste dissipels kan die oorweldigende effek van die Here Jesus in hulle lewens eenvoudig nie stil hou en ook nie net vir hulleself hou nie – nee, die boodskap moet uit!

Die Here Jesus roep tot geloof, en tot geloofsgroei

Dit is eenvoudig nie voldoende om net van die Here Jesus te weet nie. Dink maar aan die Fariseërs waarvan ons laasweek gelees het. Johannes die Doper het hulle van Jesus vertel – hulle sou later baie goed geweet het wie Jesus is na wie Johannes verwys het. Maar hulle is nie deur die Here Jesus oorweldig nie. Nee, die Here Jesus wil dat ons Hom leer ken in 'n lewende en ware geloofsverhouding met Hom. Ons is geneig om te dink die Here Jesus het destyds hierdie eerste dissipels geroep, en eensklaps was hulle voluit oortuig en vol vertroue in die Here Jesus. So al asof hulle nadat die Here Jesus hulle geroep het, al die kennis gehad het, hulle vaste geloof in die Here Jesus gehad, soveel so dat hulle met hulle oorspronklike lewe kon aangaan, sonder dat daar 'n dramatiese verandering was.

Wel, die realiteit lyk 'n bietjie anders:

Kom ons kyk weer na Andreas en Johannes. Hulle het direk vir Jesus gevra: "Waar bly U?" Kommentatore is dit eens dat Johannes hier 'n dubbele betekenis in gedagte het: Ja, enersyds, waar woon U, bedoelende waar is U fisiese woonplek sodat ons die res van die dag saam met U kan spandeer. Maar hier is meer: Onthou Jesus het onder ons kom woon / tabernakel (Joh 1:14). Die Here Jesus is nou die woonplek van God onder die mense, die Here Jesus is nou die ontmoetingsplek tussen God en die mense. Johannes wil hê ons moet verstaan hoe kosbaar dit was om Jesus op aarde te hê – daarom die vraag: Waar bly U? Ons wil ook daar wees. Jesus se antwoord was: "Kom kyk!" Weereens is hier meer in as net kom kuier vir die res van die dag. Nee, Jesus bedoel: Kom bly by My. Kom, vra vrae. Kom, leer van My. Ja, vir die res van die dag, maar eintlik vir altyd. Ek is die Een wat julle kan leer! Dit is by Hom waar hulle gevoed kan word. Mark Johnston skryf: Geloof is nie maar 'n sprong in die donker in nie. Nee, geloof is 'n sprong in die Lig in – en Jesus is die Lig. Hierdie nuwe dissipels, en so ook ons, moet by Hom kom bly, om van Hom te leer – dit is hoe ons geloof groei.

Kom ons kyk weer na Natanael: Hier is 'n persoon wat alreeds so baie verstaan het, omdat hy hom in die verlede al in die Ou Testament ingegrawe het. Daarom kon hy direk indrukwekkende lyne trek toe hy Jesus ontmoet: "U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!" Maar beteken dit Natanael is nou volleerd, hy het nou die Here Jesus ontmoet, hy kan nou maar op sy eie aangaan? Nee, die Here Jesus sê selfs vir Natanael: Daar is nog meer. Hy sê vir hom: "Jy sal nog groter dinge sien". Ja, selfs Natanael met sy goeie insig, moet steeds die Here Jesus volg – want daar is nog groter dinge wat self hy ook nog nie gesien het nie.

En dan lig die Here Jesus die sluier oor hierdie groter dinge: Hy verseker die dissipels met 'n dubbele amen: Hulle sal die hemel geopen sien, en die engele van God wat opstyg en neerdaal op die Seun van die Mens. Waarna verwys die Here Jesus? Sekerlik na Gen 28 – waar Jakob geslaap het en die droom gedroom het van 'n leer wat tot aan die hemel strek – en die engele het op en afgegaan. In daardie droom het Jakob gesien die Here staan aan die bopunt van die leer – en Jakob was aan die onderpunt. Jakob het die plek beskryf as die huis van God, die poort na die hemel (Gen 28:16-17). Nou beskryf die Here Jesus 'n soortgelyke toneel – maar hierdie keer is die Seun van die Mens aan die onderpunt. Wie is die Seun van die mens? In Dan 7:13-14 verwys dit na die Een wat met die wolke na die Oue van Dae kom (dit is na die Vader toe kom) en aan Hom word die koningskap gegee – dit is dus die Here Jesus wat na die Vader gaan met die doel om oor alles te regeer. En die Here Jesus wil vir Natanael en die ander dissipels sê: Julle gaan getuies wees van groot dinge. Ek is nou die ontmoetingsplek tussen die hemel en die aarde – tussen julle hier op aarde, en die Here aan die bopunt van die Leer. Ek het kontak met die Vader – die engele klim op en af, hulle is in Ons diens. Maar, Ek is ook die Seun van die Mens, wat na die Vader sal gaan op die wolke – na die oorwinning hier op aarde behaal is en die duiwel oorwin is – met die doel om te gaan heers. En julle, hierdie

eerste dissipels, gaan dit sien! Groot dinge is op die punt om te gebeur! En die Here Jesus wil hê Sy dissipels moet ingelig wees! Weereens: geloof is nie 'n sprong in die donker nie, nee, dit is 'n sprong in die Lig in. Maar dan moet ons in die Lig bly, sodat ons kan verstaan wat besig is om te gebeur.

<u>Oproep</u>

Ek staan verstom as ek na die wêreld kyk – daar is soveel haat, vyandigheid, selfsugtigheid, ongeduld en onverdraagsaamheid sigbaar. Maar ek staan dikwels nog meer verstom as ek na die kerk kyk. Ek staan verstom as ek die traagheid en oppervlakkigheid van so baie sogenaamde gelowiges sien. Ek hoor van gelowiges wat nie in die week met kerksake gepla wil word nie. Ek ontmoet gelowiges wat 'n uiters gebrekkige kennis van die Bybel het – en tevrede is daarmee. Ek hoor predikante word aangemoedig om korter te preek. Ek sien hoe gebrekkig die gebedslewens van kerke is. Ek sien kerkleiers (predikante, ouderlinge en diakens) wat nie ywerig is om mense te leer nie. Ek sien op baie min plekke in die kerk 'n ywer om uit te reik na die gemeenskap daarbuite. Ek sien gelowiges wat lankal tevrede is hulle het genoeg kennis – en hulle besef nie eens hoe onkundig hulle is nie. Ek sien hoe lering aangepas word om die ore van mense te streel, eerder as om die openbaring van God reguit en duidelik te verkondig.

En dit is so anders as wat ek sien by hierdie eerste dissipels. Kan ek jou vra:

- Het jy al ooit Jesus se vraag aan Johannes en Andreas eerlik geantwoord: "Wat wil jy hê?" Wat wil jy uit jou verhouding met die Here Jesus hê?
- Het jy al ooit, soos Johannes en Andreas, gevra: "Here Jesus, waar bly U – ek wil kom leer"? Is jy ywerig besig om meer van die Here Jesus te leer?
- Het jy al ooit soos Andreas dringend na sy broer gegaan om hom van Jesus te vertel? Het jy al ooit soos Filippus vir Natanael gaan vertel? Het jy al ooit vir iemand met opgewondenheid gaan vertel van die Here Jesus?
- Het jy 'n opinie oor die Here Jesus? As iemand jou sou vra: "Wie is Jesus?" – wat sal jou antwoord wees?
- Is dit vir jou klinkklaar duidelik wat die volgende titels beteken: Jesus is die Lam van God. Jesus is die Messias. Jesus is die Een van wie Moses in die Wet geskryf het. Jesus is die Een van wie die profete geskryf het. Jesus is die Seun van God. Jesus is die Koning van Israel. Jesus is die Seun van die Mens. Die meeste van hierdie titels is deur mense gebruik op dieselfde dag wat hulle die Here Jesus ontmoet het – hoe lank ken jy al die Here Jesus?

Hierdie dissipels was almal opgewonde oor hulle die Here Jesus kon ontmoet. Hoekom is so baie sogenaamde gelowiges so traag om die Here Jesus beter te leer ken?